



**AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
BYBELKENNISEKSAMEN – 2021**

GRAAD 4 – VRAESTEL

BESTEK	
Ou Testament	Génesis 37, 39-40
Nuwe Testament	Matthéüs 11
Les	Les 1-9

AFDELING A: Génesis 37, 39-40

Vraag 1 Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 1.1 In watter land het Jakob gewoon? (Gen. 37:1)
a) Arabië b) Kanaän c) Egipte d) Sirië
- 1.2 Hoe oud was Josef toe hy 'n slegte gerug na sy vader oorgedra het? (Gen 37:2)
a) vyftien b) agtien c) sewentien d) sestien
- 1.3 Wie het Josef meer lief gehad as die ander seuns? (Gen. 37:3)
a) Bilha b) Israel c) Silpa d) Isak
- 1.4 Watter geskenk het Jakob aan Josef gegee om aan te dui dat hy hom baie lief gehad het. (Gen. 37:3)
a) geld b) grond c) 'n lang rok met moue d) vee
- 1.5 Wat het Josef ook ontvang waarvan die broers nie gehou het nie. (Gen. 37:5)
a) vriende b) 'n droom c) geld d) 'n huis

Vraag 2 Vul die ontbrekende woorde op die antwoordstel in:

Potifar, skinker, Ruben, gevangenis, put

- 2.1 Josef se broers wou hom doodmaak en in 'n **A** gooi. (Gen. 37:20)
- 2.2 **B** het gekeer dat hulle Josef doodgemaak word. (Gen. 37:21-22)
- 2.3 **C** het Josef gekoop as slaaf van die Ismaeliete. (Gen. 39:1)
- 2.4 Josef is aangekla en in die **D** gegooi. (Gen. 39:20)
- 2.5 In die gevangenis was daar later ook 'n bakker en 'n **E**. (Gen. 40:1-3)

Vraag 3 Sê of die volgende Waar of Vals is.
Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 3.1 Die bakker sou sterf en die skinker sou leef volgens Josef se droom. (Gen. 40:19,22)
- 3.2 Die voorman van die skinkers het van Josef vergeet in die gevangenis. (Gen. 40:23)
- 3.3 Josef se broers het gesê dat 'n wilde dier Josef verslind het. (Gen. 37:20)
- 3.4 Die broers het Josef in 'n put gegooi wat vol water was. (Gen. 37:24)
- 3.5 Josef is verkoop aan die Ismaeliete vir twintig sikkels silwer. (Gen 37:28)
- 3.6 Die rok van Josef was met bloed van 'n bok bevlek. (Gen. 37:31)

- 3.7 Josef was 'n voorspoedige werker vir Potifar in Egipte. (Gen. 39:2-4)
- 3.8 Josef het nie verstaan waarom die drome van die bakker en die skinker gegaan het nie. (Gen. 40:12, 18)
- 3.9 Die voorman van die bakkers is opgehang. (Gen. 40:22)
- 3.10 Josef was mooi van aansien. (Gen 39:6)

20 Punte

AFDELING B: Matthéüs 11

Vraag 4 Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 4.1 Waar was Johannes toe hy hoor van die werke van Christus? (Mt. 11:2)
a) Efese b) gevangenis c) tempel d) paleis
- 4.2 Jesus praat van 'n _____ wat deur die wind beweeg word. (Mt. 11:7)
a) riet b) blaas c) skip d) mantel
- 4.3 Jesus sê Hy is ook baie meer as 'n _____. (Mt. 11:9)
a) koning b) priester c) mens d) profeet
- 4.4 Wie _____ het laat hom hoor. (Mt. 11:15)
a) ore b) 'n wil c) ouers d) 'n hart
- 4.5 Waarop het die kindertjies in die mark gespeel? (Mt. 11:16,17)
a) fluit b) simbool c) harp d) vloer

Vraag 5 Voltooi die volgende sinne en vul die antwoord op die antwoordstel in:

rus, sondaars, belas, tollenaars, vermoeid

- 5.1 Die Seun van die mens het gekom - ...'n vriend van A en B . (Mat 11:19)
- 5.2 Kom na My toe, almal wat C en D is, en Ek sal julle E gee. (Mat 11:28)

Vraag 6 Sê of die volgende Waar of Vals is. **Vul jou antwoord op die antwoordstel in:**

- 6.1 Jesus sê : Neem my woord op julle en leer van my. (Mt. 11:29)
- 6.2 Alles is aan My oorgegee deur my Vader.. (Mat 11:27)
- 6.3 En as julle dit wil aanneem: hy is Johannes wat sou kom. (Mt. 11:14)
- 6.4 Want al die profete en die wet het tot op Johannes geprofeteer. (Mt. 11:13)
- 6.5 Maar van die dae van Johannes die Doper af tot nou toe word die koninkryk van die hemele betorm en bestormers gryp dit met geweld.(Mt.11:12)
- 6.6 Kyk die wat sêgte klere dra, is in die huise van konings. (Mt. 11:8)
- 6.7 Die twee onboetvaardige stede. (Mt. 11:20)
- 6.8 Alles is aan My oorgegee deur my Vader. (Mt.11:27)
- 6.9 Neem my juk op julle en leer van My ... (Mt.11:29)

6.10 julle sal rus vind vir julle liggame. (Mt.11:29)

20 Punte

AFDELING C: Les 1-9

Vraag 7 **Sê of die volgende Waar of Vals is.**

Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 7.1 Deur die geloof het die mure van Jerigo geval. (Les 1)
- 7.2 Gideon het koring uitgeslaan voor die Egiptenare dit kon steel. (Les 2)
- 7.3 Simson was 'n nasireër van God. (Les 3)
- 7.4 Rut was Naomi se skoondogter. (Les 4)
- 7.5 Eli het nie die moed gehad om sy seuns te straf nie. (Les 5)

Vraag 8 **Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:**

- 8.1 Sameul het in die _____ gebly by Eli toe die Here hom roep . (Les 6)
- 8.2 Saul het self die werk van die profeet oorgeneem en die _____ gebring. (Les 7)
- 8.3 Wat was Dawid se beste vriend se naam.? (Les 8)
- 8.4 Wie sou uiteindelik die tempel in Jerusalem kon bou? (les 9)
- 8.5 Voltooi: "Ek het gesondig teen die _____. (Les 9)

10 Punte

Totaal: 50 Punte